SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.3 Skryf die volgende sin oor en verander die onderstreepte deel om die stelling WAAR te maak.

Dit het Wynand geïrriteer dat <u>Janka</u> áltyd by hom is. (1)

2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.4.1 en 2.4.2) en die antwoord neer.

Nadat Wynand besef het dat hy baie van Elsie hou, was hy sommer (2.4.1) (opgewonde/ontevrede) oor die lang vakansie. Terwyl hy dinge op die plaas gedoen het, het die gedagtes aan Elsie hom baie (2.4.2) (gelukkig/hartseer) gemaak. (2)

2.5 Die karakters se woorde sê vir ons hoe die karakters voel.

Kies die emosie uit KOLOM B wat by die karakter se woorde in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.5.1 tot 2.5.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.5.1 | "Moet ons jou dokter toe vat?" | A | Elsie het van eenvoudige dinge gehou. |
| 2.5.2 | "Nee wat, ek sal sommer ou Katlagter iets vra." | B | Wynand was kwaad oor Elsie se bynaam. |
| 2.5.3 | "Nee, ek wou maar vra hoe was die vrugtestelery toe?" | C | Wynand wou nie hê almal moet oor hom hoeihaai nie. |
| 2.5.4 | "Haai, dis wonderlik." | D | Klaas was bekommerd oor Wynand. |
| | | E | Wynand was skaam om met Elsie te praat. |

(4 x 1) (4)

2.6 Skryf die volgende gebeure onder mekaar oor in die korrekte VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur.

- Wynand het die miershoop met klippe gemerk sodat hy die plek kan kry.
- Wynand het besef hy kan Elsie se vinger met 'n garingblaar meet.
- Wynand het vir Elsie die tongblaar gewys.
- Wynand wou vir Elsie 'n seëlringetjie gee. (4)

2.7 Waarom kan 'n mens sê dat Elsie 'n rustige persoonlikheid het? (1)

2.8 Wynand was skaam om met Elsie te praat. Hoe het dit sy lewe moeilik gemaak? (1)

2.9 Watter les oor geduld het jy by Wynand geleer? (1)

2.10 Waarom kan 'n mens sê dat die slot goed by die verhaal pas? (1)

EN SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VERHAAL B: "DIE LAS" – Margaret Bakkes**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS D**

Toe het hy by die vertrek uitgehardloop. Sy het die voordeur hoor klap. Teen die tyd dat sy buite kom, was daar geen teken meer van die kind nie.

Sy het ontstemd in die donker straat afgekyk. Dit het verlate en vyandig gelyk. Op daardie oomblik het Lida Verhoef vir die eerste keer besef dat sy alleen staan soos nog nooit tevore nie. Schalkie was nou op die spel. Sy moes hom nou vind en vertroos. Die situasie was vir die eerste keer in perspektief, soos dit moes gewees het reg van die begin af, toe Schalkie sy pa verloor het. Hoe en waar sy sou begin, het sy nie suiwer geweet nie. Dít ten minste was vir haar duidelik: sy sou vir Dirk van Graan bel.

Hy het haar stem skaars herken en haar storie was verward en onsamehangend. Dit het hy egter begryp. Daar was fout met Schalkie.

2.11 VOLTOOI die volgende sinne. Skryf net die vraagnommers (2.11.1 tot 2.11.4) en die antwoord neer.

2.11.1 Schalkie het van die skool af gekom en baie … voor hulle huis sien staan. (1)

2.11.2 Schalkie se … het vir hom vertel dat sy pa die oggend dood is. (1)

2.11.3 Schalkie het besef dat sy ma swak is en dat hy haar sou moes ... (1)

2.11.4 Die ... het besef dat Schalkie die las op sy skouers geneem het. (1)

2.12 Waarom het Schalkie by die huis uitgehardloop? Gee TWEE redes. (2)

2.13 VOLTOOI die volgende sin deur 'n woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (2.13) en die antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| 'n metafoor; | klanknabootsing; | personifikasie |

"Dit het **verlate** en **vyandig gelyk**," in reël 3 is 'n voorbeeld van ... (1)

2.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (2.14) en die letter (A–D) neer.

"Die situasie was **vir die eerste keer in perspektief**, soos dit moes gewees het reg van die begin af, toe Schalkie sy pa verloor het." (Reël 6 en 7) Dit beteken dat Lida besef het dat …

A Dirk van Graan haar seun ongelukkig gemaak het.
B daar nie genoeg geld was om Schalkie groot te maak nie.
C dit beter sou wees as sy wegtrek en op 'n ander plek gaan bly.
D dit haar taak as ma was om na Schalkie te kyk en nie andersom nie. (1)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.15 Wat het Dirk ná skool saam met Schalkie gedoen? Noem EEN ding. (1)

2.16 Die tyd ná Schalkie se pa se dood was vir almal 'n moeilike tyd.

Kies die inligting uit KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommers (2.16.1 tot 2.16.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.16.1 | Schalkie se pa was groot en sterk. | A | Schalkie se maats het nie meer by hom gaan speel nie. |
| 2.16.2 | Schalkie se pa is twee dae ná sy dood begrawe. | B | Schalkie was bly toe Dirk by hulle huis opdaag. |
| 2.16.3 | Schalkie se ma was bedags alleen by die huis. | C | Schalkie wou nie ná die diens huis toe gaan nie. |
| 2.16.4 | Schalkie was oral en altyd saam met sy ma. | D | Schalkie het ná skool vinnig huis toe gegaan. |
| | | E | Schalkie kon nie glo sy pa is dood nie. |

(4 x 1) (4)

2.17 Lida het Dirk genooi om weer by hulle te kom kuier.

Gee 'n feit uit die verhaal om te motiveer waarom die stelling ONWAAR is. (1)

2.18 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf net die vraagnommers (2.18.1 en 2.18.2) en die antwoord neer.

Die toon aan die einde van die verhaal is baie (2.18.1) (positief/negatief), want Dirk het mooi vir Schalkie verduidelik dat hy (2.18.2) (vir Schalkie en sy ma wou sorg/saamstem dat Schalkie by sy oupa-hulle moes gaan bly). (2)

2.19 Waarom kan 'n mens sê dat Lida ná haar man se dood selfsugtig was? (1)

2.20 Waarom kan 'n mens sê dat Schalkie ná sy pa se dood onselfsugtig opgetree het? (1)

2.21 Waarom voel jy aan die einde van die verhaal saam met Schalkie bly oor hoe dinge vir hom verander het? (1)

2.22 Hoe help die skrywer jou om die tema van lojaliteit *(loyalty)* te verstaan? (1)

**TOTAAL AFDELING B: 40**
**GROOTTOTAAL: 40**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African